## LAMBERTSBAAI INWONERS BELANGE FORUM

Posbus 245
Lambertsbaai
8130

e-pos: lbaai.ibf@gmail.com
Telefoon: 082-260-4586
Facebook: www.facebook.com/lbaai.ibf


Datum: 2 April 2012 U Verwysing: 5/3/1/R

Die Munisipale Bestuurder
Cederberg Munisipaliteit
Privaatsak X2
Clanwilliam
8135

Byvoegsels:
1. Brief vanaf LIBF aan Burgemeester gedateer 21 Oktober 2011
2. Erkenning van ontvangs van Brief gedateer 26 Oktober 2011
3. Lys van sake deur die jare met verskeie owerheid strukture bespreek
4. Die Grondwet van die Forum

Geagte meneer Kenned,

Ons verwys na u brief onder verwysing 5/3/1/R gedateer 28 Maart 2012 wat sekerlik 'n antwoord is op ons skrywes aan die Provinsiale Regering waarvan u 'n afskrif ontvang het asook ons brief gedateer 21 Oktober 2011 aan die Burgemeester van die Cederbergraad.

U burgemeester het soos volg op die onderskeie skrywes gereageer:

> "Ontvang van u skrywe word hiermee erken.
>
> Dit strek my tot diep kommer dat u van neet af u inter aksie met die nuut ANC verkose Raad dreig met onafhanklike ondersoeke en of optrede deur hoer gesag en tot geen verbasing u wend tot Helen Zille en Kie nie. Die Raad is outonoom en word sy werksaamhede sorgvuldig uit eengesit deur verskeie wetgewing wat deur die Nationale Regering in plek gesit is.
>
> U skrywe skep die indruk dat die nuutverkose Raad korrup is en nie die vermoe het om die Munisipaliteit te bestuur nie. Die vraag ontstaan is dit omdat ons swart is want ek kan geen rekord vind van enige skrywe van die trant wat u gedurig die DA bewind aan die Munisipaliteit gestuur het nie. Daar kan ook nie rekord van u bestaan opgespoor word of dat u enige by drae tot n gesonde bestuur tydens die DA bewind gelewer het nie. Nodeloos om te noem dat gediende die feit van bree kennisgewing van ons gemeenskaps Imbizos in al ons dorpe nie n enkele blanke persoon dit by gewoon het nie, u inkluis.
>
> U arrogansie om die Munisipaliteit met ander DA beheerde Munisipaliteite te vergelyk spreek boek dele. Indien u aan my n Grondwet van u organisasie en n lede register voorsien sal ek onmiddellik die Administrasie versoek om u in die toekoms van alle Raads notules te voorsien. Neem ook kennis dat alle begroting - en bestedings asook Ouditeurs verslae ten insae is by alle openbare biblioteke. Raadsvergadering is ten alle tye oop vir die publiek en staan dit u vry om dit by te woon.
>
> Tenspyte van bo-genoemde en die feit dat u noem dat u optree in die belang van al die inwoners van Lambertsbaai, wat ek sterk bevraag teken sal ek die Administrasie opdrag gee om n gemeenskaps vergadering te Lambertsbaai te beroep waar tydens die hele Raad as ook die Senior Amptenare u vrae sal beantwoord. U afwesigheid tydens die openbare vergaderings en IDP vergaderings deur die vorige DA Raad se bewind waar baie van u kwelinge aangespreek was is sekerlik nie per toeval nie want u was te oor gerus dat hulle u belange sou dien. Ek daag u dus uit om so ver moontlik u gemeenskap te mobiliseer om

sodanige vergadering by te woon. Die Administrasie sal met u kommunikeer met die datum van sodanige gemeenskaps vergadering.

U versoeke en u toenadering tot derde partye, gerieflikheidshalwe word die waghonde wat deur die Nationale regering daar gestel is uitgesluit, skep die indruk dat u reeds met n ondersoek begin het en indien u Politieke Bondgenote dit goedvind om binne hul magte n ondersoek te loods staan dit hul vry om dit te doen.

Wees verseker dat niks en niemand ons van koers af sal bring om die hele gemeenskap te dien nie en spesifiek die van die armes.

Ek dank u

Die Agbare Uitvoerende Burgermeester

Cederberg Munisipaliteit

Jonas White

Ons was baie geskok oor die neerhalende, beledigende en rassistiese aard van die brief waarin die voorsitter persoonlik aangeval word en stellings en menings ge-opper word wat geheel en al van die waarheid ontbloot is. Dit sou onvanpas wees om in dieselfde beledigende trant te antwoord en 'n brief met die volgende inhoud is aan u Munisipaliteit gerig:

"Die Agbare Burgemeester, Raadsheer Jonas,

Baie dankie vir u reaksie op ons brief.

Ons erken ontvangs en neem kennis van die inhoud.

Die grondwet/konstitusie van die Lambertsbaai Inwoners Belange Forum is op ons webwerf www.lambertsbaai.yolasite.com beskikbaar en ter insae vir die wye publiek.

Ons voorsitter is tans nie beskikbaar nie. Sodra hy beskikbaar is sal ons 'n volledige antwoord formuleer.

Intussen sal ons dit waardeer indien u tog op die vrae oor die heffings en die eiendomsbelasting kan reageer. Ons was teenwoordig by u vergadering van 15 September 2001 en het kennis geneem van u raad se posisie oor die heffings. Dit is juis as gevolg van die menings uitgespreek by daardie gemeenskapsvergadering dat ons, ons brief aan u gerig het. Die skakeling met die ander munisipaliteite in die Weskus Distriksraad was slegs om hul eiendomsbelasting faktore te bekom sodat ons vergelykings met die van die Cederberg munisipaliteit kon maak. U reaksie kan deur middel van 'n byeenkoms in u kantore na 31 Oktober 2011 geskied of per brief of per e-pos. Dit sal veel bydra om ons voor te berei vir u gemeenskapsvergadering.

Intussen sien ons uit na die geleentheid om met u en u raadslede by 'n gemeenskapsvergadering in gesprek te tree, nadat u op ons vrae gereageer het. Dit is tog immers billik dat ons die geleentheid gegun word om vroegtydig vrae te kan voorberei op stellings en uitlatings wat by so 'n vergadering gemaak sal word. Ons kan dan selfs ons vrae voor die vergadering aan u deurgee sodat u weer u repliek kan voorberei.

Ons verneem graag van u."

U burgemeester se antwoord was kort en duidelik: Ons haal dit hieronder aan:

> "Dag se
>
> Wat my betref het ek kla u skrywe geantwoord.
>
> U keuse om 3de partye as vertrek punt te gebruik om vrees by ons in te boesem skep die indruk dat u n ondersoek van hul verlang.
>
> Ons is dus in afwagting van u toevlug na die Provinsie.
>
> Neem kennis die Raadsvergadering is oop vir almal. Alle Raadsnotules en ouditeursverslae is beskikbaar by alle openbare biblioteke. Alle gemeenskapsvergaderings in u wyk is op die kennisborde aangebring.
>
> Ek dank u"

As u Burgemeester wat sekerlik die klimaat skep waarbinne die raad en munisipaliteit funksioneer antwoorde soos hierbo aan die inwoners se verteenwoordigende liggaam stuur, is ons die mening toegedaan dat die inwoners geen beter behandeling van die amptenary kan verwag nie as dit wat strook met die aard van die inhoud van die burgemeester se brief. Is dit dan nie vanselfsprekend dat ons onwillig sal wees om met die Munisipaliteit en sy Raad te skakel nie? Juis die feit dat u nou eers op ‘n brief antwoord wat reeds in September 2011 aan u gelewer is en op 21 Oktober weer pertinent onder u aandag gebring is, en dit eers vyf maande nadat die Provinsiale Regering u om antwoorde genader het, spreek boekdele.

Wat nog erger teleurstel as die burgemeester se antwoorde op ons skrywe is die antwoord wat u op ons brief gee. Ons is terdeë daarvan bewus dat die hele debakel van die heffings op Basiese Water, Basiese Riool en Dorp Skoonmaak (U kennisgewing 10/1/2/1), deur die vorige DA raad ingestel is. U raad is nou in die stoel en slegs u raad kan iets aan die saak doen. U burgemeester, het in ons voorsitter se teenwoordigheid, en baie duidelik om die DA regering swart te smeer en stemme te wen, in die Don Burrell saal in Lambertsbaai negatiewe aanmerkings gemaak oor die vorige DA Raad wat so ‘n onregverdige las op die inwoners van Lambertsbaai geplaas het toe hulle die heffings ingestel het. Hy het gemeld dat die huidige raad nie aan die bepalings van die reeds goedgekeurde begroting kan verander nie maar dat die huidige raad die bogemelde drie heffings in die nuwe begroting sal hersien. Dit is juis na aanleiding van die burgemeester se opmerkings dat die huidige ANC Raad nie die optrede van die vorige DA Raad se instelling van die heffings goedkeur nie dat ons versigtig opgewonde was dat die huidige ANC raad bereid sou wees om ons in te lig oor wat diè Raad gaan doen om die heffings ter syde te stel. Ongelukkig is die ou ge-ykte antwoordstyl gevolg naamlik skuiling soek agter wette, besluite deur die vorige raad, datums wat verstryk het en amptelike verontskuldigende-optredes. Maw die antwoord is niksseggend en in sy geheel onaanvaarbaar as ‘n antwoord op ons brief.

U het ook glad nie gereageer oor die abnormale hoë eiendomsbelasting tariewe nie en so ook nie op eiendomswaardasies en al die ander sake in ons brief gedateer 21 Oktober 2011 aan die burgemeester nie. Ons sluit ‘n afskrif van die brief hierby in. Die Munisipale Bestuurder het wel ontvangs van die brief op 26 Oktober erken en aangedui dat ons teen Vrydag, 5 November 2011 ‘n antwoord kan verwag. Ons sluit ook hierby ‘n afskrif van diè ontvangs erkenningsbrief hierby in. Al wat ons wel ontvang het is die Burgemeester se uitlatings soos hierbo aangestip. Is dit dalk so omdat die Raad en sy munisipaliteit nie behoorlike antwoorde op ons vrae kan formuleer nie?

Ons is ook daarvan beskuldig dat ons nie voorheen met die DA munisipaliteit geskakel het nie en nou net die nuut verkose ANC raad aanspreek en hulle van wanbestuur en korrupsie wil beskuldig. Ons heg hierby ‘n lys aan van die onderwerpe en datums waarop met die munisipaliteit en ander instansies geskakel; is. Die lys neem net sake wat vanaf Oktober 2009 aangespreek is in ag. Dit sal u raad se mening dat die Forum u raad se optredes bevraagteken net omdat dit ‘n swart ANC raad is besweer. Ons Forum, in teenstelling met die indruk wat deur u burgemeester se skrywe aan ons geskep is, is nie rassisties, seksisties of polities nie, en sal enige raad, ongeag sy politiese

oortuigings, se optredes wat deur die inwoners onder ons aandag gebring word ondersoek en antwoorde van die raad en sy munisipaliteit versoek.

Nou kom ons by die vrae in u brief wat baie duidelik ‘n poging is om ons as verteenwoordigende liggaam van die inwoners van Lambertsbaai te diskrediteer en glo ons dat ons die standpunt kan inneem dat ons nie nodig het om op sulke kleinlike vrae te antwoord nie. Ons antwoord hoflikheidshalwe egter wel die vrae volledig soos volg.

1. Grondwet. Ja, die Forum het ‘n grondwet. Die grondwet is etlike jare gelede deur die inwoners van Lambertsbaai goedgekeur. ‘n Afskrif word hoflikheidhalwe hierby aangeheg.
2. Wyke. Die Forum is nie in wyke ingedeel nie. Ons verteenwoordig sonder enige vorm van diskriminasie al die inwoners van Lambertsbaai.
3. Lede en Sektore. Die Forum verteenwoordig al die inwoners van Lambertsbaai en stel hom nie ten doel om onderskeid te maak deur inwoners in wyke en sektore in te deel nie. Dit is immers ‘n INWONERS BELANGE FORUM. Verwys hier na artikel 2 (a) van ons grondwet.
4. Verkose Bestuur. Die bestuur bestaan tans uit ‘n verkose voorsitter, sekretaris, penningmeester en drie ander lede. ‘n Bykomende lid is deur die Toerismeburo benoem. Dit bring die aantal bestuurslede op sewe te staan. Die name van die bestuurslede is:
    a. Meneer Jack Mellet – Voorsitter
    b. Meneer Hjalmar Enderstein – Sekretaris (Onlangs weens persoonlike redes bedank)
    c. Meneer Henry Arangie – Penningmeester/Tesourier
    d. Meneer Jeffey Schalk
    e. Meneer Norman patterton
    f. Meneer Wilem Coetzee
    g. Me Natasha du Preez (Benoem deur Toerismeburo)

Ons vertrou dat ons u brief volledig beantwoord het en u van al die informasie wat u verlang voorsien het.

Voorts is ons dankbaar dat u ons op ons fout in ons skrywe van 21 Oktober 2011 gewys het. Ons sal in vervolg poog om die regte benamings te gebruik.

Ons is onder die indruk dat daar nie meer ‘n Provinsiale Administrasie bestaan soos in u brief aangedui word nie maar ‘n Provinsiale Regering. Ons verneem graag van u of ons onder die verkeerde indruk is.

Soos ons volledig op u brief gereageer het , vertrou ons dat u nou net so volledig op ons brief gedateer 21 Oktober 2011 sal reageer.

Die uwe,



**J. J, Mellet**
Voorsitter: Lambertsbaai Inwoners Belange Forum